**HEKELWERK: ENIGE VOLTOOIDE ARTIKEL IN FILETHEKELWERK**

**VEREISTES**: Enige voltooide artikel in Filethekelwerk. Geen geraamde artikels is toelaatbaar nie. Jou eie patrone kan op grafiekpapier getrek word. Waak teen swaar en lomp artikels. Geen besondere hekeldraad word voorgeskryf nie. Aangesien Filethekelwerk 'n kantagtige voorkoms het word dunner hekeldraad aanbeveel. Die kleur van die draad moet by die artikel pas. Geskakeerde draad word nie aanbeveel nie.

**HEKELPATRONE EN STEKE**:

1. Die leë blokkies op die patroonvel bestaan normaalweg uit een (1) langbeen en twee (2) kettingsteke en 'n gevulde blokkie uit drie (3) langbene.
2. Gebuigde steek; word gebruik in die plek van twee leë blokkies. Dit bestaan uit 'n langbeen, drie kettingsteke, een kortbeen en weer drie kettingsteke. Dit kan vir groot gedeeltes van die agtergrond gebruik word.
3. Daar kan ook een lang blokkie oop gelaat word in plaas van twee klein blokkies. Hierdie steek het 'n meer oop kantagtige tekstuur tot gevolg.
4. Op die filetpatrone kom daar ook 'n blokkie voor met 'n kruisie in. Dit verteenwoordig 'n gekruisde langbeen in 'n blokkie.
5. Die spinnekopsteek is 'n steek wat gevorm word oor 'n paar rye en dan 'n blokkie vorm en word met ketting- en glipsteke gehekel.
6. In sommige patrone word 'n half gevulde blokkie aangetref. Dit bestaan uit twee langbene en een kettingsteek. Dit vertoon dan 'ligter' as die blokkie.
7. Die springmieliesteek kan ook 'n gevulde blokkie vervang. Gebruik die steek met groot oorleg aangesien dit bonkig is en dus nie geskik sal wees vir bv. 'n skinkbordlap nie.

**HEKELSPANNING**: moet egalig en elasties wees en nie te styf nie. Die artikel moet egter sy vorm goed behou.

**AWERKING EN AANBIEDING**: Lasse en los garingpunte mag nie opsigtelik wees nie. Pars oordeelkundig. Bied aan in deurskynende plastiese sakkie.

**CROCHET: ANY COMPLETED ARTICLE DONE IN FILET CROCHET**

**REQUIREMENTS**: Any completed article done in Filet Crochet. No framed articles are allowed. Filet crochet is an imitation of filet work. Filet crochet is generally worked from a chart which gives you a schematic diagram of the piece of work.
You can design your own pattern using graphic paper. Please do not crochet big or heavy articles. We do not prescribe any specific yarn. Bear in mind the delicate appearance of Filet crochet and therefore we suggest the use of thinner threads. The colour of the thread must complement the article. Variegated thread is not recommended.

**CROCHET PATTERNS AND STITCHES**:

1. 1. The empty blocks on the pattern sheet normally consist of one (1) treble and (2) two chain stitches and the filled blocks of three (3) trebles.
2. Curved stitch; is used instead of two empty blocks. It consists of a treble, three chain stitches, one single crochet, three chain stitches.
3. One long block can be left open in place of two normal blocks. This stitch creates a more open lacy texture.
4. If there is a block with a cross in on the filet crochet pattern sheet then crochet a crossed treble in the block.

5. The spider stitch is a stitch which is formed over a few crochet rows and then a block is formed. It is made with chain and single crochet stitches.
6. A half-filled block on the pattern sheet usually consists of two treble and one chain stitch which have a ‘lighter’ effect than the filled block.
7. The pop-corn stitch can also replace a filled block. This stitch is chunky and must be used with great consideration because it will not be suitable to use for example for a tray cloth.

**TENSION**: Should be even and elastic, without being too firm. The article should keep its form well.

**FINISHING OFF AND PRESENTATION**: No loose threads and joins should be visible. Press crochet work with care. Should be presented in a clear plastic bag.